Enige beswaar of vertoe teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, en die Stadsklerk, Posbus 1049, Johannesburg skriftelik voorgelê word.

E. UYS.

Direkteur van Plaaslike Bestuur.
Pretoria, 16 Januarie 1974.

PB. 4-9-2-2-697

16—23

NOTICE 16 OF 1974.

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME NO. 1/697.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Messrs. Ingwa Enterprises (Pty.) Ltd., P.O. Box 2803, Johannesburg for the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme No. 1, 1946 by rezoning Erf No. 912, situate between Tenth Street, and Main Road East, Melville Township from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 4 500 sq. ft." to "Special" to permit the conversion of existing semi-detached dwelling house into offices subject to certain conditions.

The amendment will be known as Johannesburg Amendment Scheme No. 1/697. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, at Room No. 715 Civic Centre, Braamfontein and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretoriuss Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 1049, Johannesburg at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS.

Director of Local Government.
Pretoria, 16 January, 1974.

PB. 4-9-2-2-697

16—23

KENNISGEWING 17 VAN 1974.

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA NO. 1/696.

Hierby word ooreenkomsdig die bepaldings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar mnre. Olessa Properties (Pty.) Ltd., P/a mnre. Doctors Gavron, Hotz en Jacobson, Sturdeealaan 11, Rosebank, Johannesburg, aansoek gedoen het om Johannesburg-dorpsaanlegskema No. 1, 1946, te wysig deur die hersonering van Erf No. 130, geleë aan Sturdeealaan, dorp Rosebank, tot "Spesiaal" om mediese en tandheelkundige spreekkamers en kantore toe te laat met 'n vermeerdering in die vloerruimteverhouding van 0,4 tot 0,6 onderworpe aan sekere voorwaardes.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Johannesburg-wysigingskema No. 1/696 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Proviniale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk by Kamer 715, Burgersentrum, Braamfontein, ter insae.

Enige beswaar of vertoe teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Posbus 1049, Johannesburg skriftelik voorgelê word.

E. UYS.

Direkteur van Plaaslike Bestuur.
Pretoria, 16 Januarie 1974.

PB. 4-9-2-2-696

16—23

NOTICE 17 OF 1974.

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME
NO. 1/696.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Messrs. Olessa Properties (Pty.) Ltd., C/o Doctors Gavron, Hotz and Jacobson, 11 Sturdee Avenue, Rosebank, Johannesburg, for the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme No. 1, 1946, by rezoning Erf No. 130, situate on Sturdee Avenue, Rosebank Township, to "Special" to permit medical and dental consulting rooms and offices with an increase from 0,4 to 0,6 in the floor space ratio, subject to certain conditions.

The amendment will be known as Johannesburg Amendment Scheme No. 1/696. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, at Room 715, Civic Centre, Braamfontein, and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretoriuss Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 1049, Johannesburg, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS.

Director of Local Government.
Pretoria, 16 January, 1974.

PB. 4-9-2-2-696

16—23

KENNISGEWING 18 VAN 1974.

SUIDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-WYSIGINGSKEMA NO. 49.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaars mnr. Stuval Manor Estates (Pty.) Ltd., Mainstraat 92, Rosettenville, Johannesburg aansoek gedoen het om Suidelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema 1962, te wysig deur die hersonering van Erf No. 1292, geleë hoek van Ormonderlaan en Cortaynelaan, dorp Mondeor, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per Erf" tot "Algemene Woon".

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Suidelike Johannesburgstreek-wysigingskema No. 49 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk by Kamer No. 715, Burgersentrum, Braamfontein, ter insae.

Enige beswaar of vertoe teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Posbus 1049, Johannesburg skriftelik voorgelê word.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.
Pretoria, 16 Januarie 1974.

PB: 4-9-2-213-49
16—23

NOTICE 18 OF 1974.

SOUTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME NO. 49.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Messrs. Stuval Manor Estates (Pty.) Ltd., 92 Main Street, Rosettenville, Johannesburg for the amendment of Southern Johannesburg Region Town-planning Scheme 1962 by rezoning Erf No. 1292 situate corner of Ormonde Drive and Cortayne Avenue, Mondeor Township from "Special Residential" with a density of "One dwelling per Erf" to "General Residential".

The amendment will be known as Southern Johannesburg Region Amendment Scheme No. 49. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, at Room 715, Civic Centre, Braamfontein and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretoriuss Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria and the Town Clerk, P.O. Box 1049, Johannesburg at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,
Director of Local Government.
Pretoria, 16 January, 1974.

PB: 4-9-2-213-49
16—23

KENNISGEWING 19 VAN 1974.

PRETORIASTREEK-WYSIGINGSKEMA NO. 486.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar mnr. E. W. Verhave, C/o mnr. Swart, Olivier en Prinsen, Posbus 2405, Pretoria, aansoek gedoen het om Pretoriastreek-dorpsaanlegskema, 1960, te wysig deur die hersonering van Erf No. 598, geleë aan Teresalaan, dorp Murryfield Uitbreiding No. 1, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 12 500 sq. ft."

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Pretoriastreek-wysigingskema No. 486 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Pretoria ter insae.

Enige beswaar of vertoe teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria, skriftelik voorgelê word.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.
Pretoria, 16 Januarie 1974.

PB: 4-9-2-217-486
16—23

NOTICE 19 OF 1974.

PRETORIA REGION AMENDMENT SCHEME NO. 486.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Mrs. E. W. Verhave, C/o Messrs. Swart, Olivier and Prinsen, P.O. Box 2405, Pretoria, for the amendment of Pretoria Region Town-planning Scheme, 1960, by rezoning Erf No. 598, situate on Teresa Avenue, Murryfield Extension No. 1, Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 12 500 sq. ft."

The amendment will be known as Pretoria Region Amendment Scheme No. 486. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Pretoria and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretoriuss Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria and the Town Clerk, P.O. Box 440, Pretoria, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,
Director of Local Government.
Pretoria, 16 January, 1974.

PB: 4-9-2-217-486
16—23

KENNISGEWING 20 VAN 1974.

PRETORIASTREEK-WYSIGINGSKEMA NO. 485.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar mnr. W. P. B. Louw, Topaasstraat 135, Waverley, Pretoria aansoek gedoen het om Pretoriastreek-dorpsaanlegskema, 1960, te wysig deur die hersonering van Erf No. 22, geleë hoek van Boekenhoutstraat en Hendriklaan, dorp Navors, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per Erf" tot "Spesiaal" vir enkelverdieping en/of duplekswooneenhede onderworpe aan sekere voorwaardes.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Pretoriastreek-wysigingskema No. 485 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinciale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Pretoria ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria, skriftelik voorgelê word.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 16 Januarie 1974.

PB. 4-9-2-217-485

16-23

KENNISGEWING 21 VAN 1974.

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA NO. 1/379.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaars mnr. Pax Investments (Pty) Ltd, P/a mnr. Fehrsen en Douglas, Posbus 303, Pretoria, aansoek gedoen het om Pretoria-dorpsaanlegskema No. 1, 1944, te wysig deur die hersonering van Erf No. 69 geleë aan Schoemanstraat, dorp Hatfield van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 10 000 sq. ft." tot "Spesiaal" vir enkelverdieping en/of duplekswooneenhede onderworpe aan sekere voorwaardes.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Pretoria-wysigingskema No. 1/379 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinciale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Pretoria ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria skriftelik voorgelê word.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 16 Januarie 1974.

PB. 4-9-2-3-379

16-23

NOTICE 20 OF 1974.

PRETORIA REGION AMENDMENT SCHEME NO. 485.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Mr. W. P. B. Louw, 135, Topaas Street, Waverley for the amendment of Pretoria Region Town-planning Scheme, 1960, by rezoning Erf. No. 22, situate corner of Boekenhout Street and Hendrik Avenue, Navors Township from "Special Residential" with a density of "One dwelling per Erf" to "Special" for single storey and/or duplex dwellings subject to certain conditions.

The amendment will be known as Pretoria Region Amendment Scheme No. 485. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Pretoria and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 440, Pretoria at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,

Director of Local Government.

Pretoria, 16 January, 1974.

PB. 4-9-2-217-485

16-23

NOTICE 21 OF 1974.

PRETORIA AMENDMENT SCHEME NO. 1/379.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Messrs. Pax Investments (Pty) Ltd, C/o Messrs. Fehrsen and Douglas, P.O. Box 303, Pretoria for the amendment of Pretoria Town-planning Scheme No. 1, 1944 by rezoning Erf No. 69 situate on Schoeman Street, Hatfield Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 10 000 sq. ft." to "Special" for single storey and/or duplex dwellings subject to certain conditions.

The amendment will be known as Pretoria Amendment Scheme No. 1/379. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Pretoria and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria and the Town Clerk, P.O. Box 440, Pretoria at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,

Director of Local Government.

Pretoria, 16 January, 1974.

PB. 4-9-2-3-379

16-23

KENNISGEWING 22 VAN 1974.

PRETORIASTREEK-WISIGINGSKEMA NO. 484.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig), bekend gemaak dat die eienaar mnr. F. C. L. Roos, Rigellaan 77, Waterkloof Ridge, aansoek gedoen het om Pretoriastreek-dorpsaanlegskema, 1960, te wysig deur die hersonering van Erf No. 592, geleë aan Rigellaan, dorp Waterkloof Ridge, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 15 000 vk. vt."

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Pretoriastreek-wysigingskema No. 484 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinciale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Pretoria, ter insae.

Enige beswaar of vertoe teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovenmelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, en die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria, skriftelik voorgelê word.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.
Pretoria, 16 Januarie 1974.

PB: 4-9-2-217-484
16-23

NOTICE 22 OF 1974.

PRETORIA REGION AMENDMENT SCHEME NO. 484.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Mr. F. C. L. Roos, 77 Rigel Avenue, Waterkloof Ridge, for the amendment of Pretoria Region Town-planning Scheme, 1960, by rezoning Erf. No. 592, situated on Rigel Avenue, Waterkloof Ridge Township, from "Special Residential", with a density of "One dwelling per erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 15 000 sq. ft."

The amendment will be known as Pretoria Region Amendment Scheme No. 484. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Pretoria, and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 440, Pretoria, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,
Director of Local Government.
Pretoria, 16 January, 1974.

PB: 4-9-2-217-484
16-23

KENNISGEWING 23 VAN 1974

DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT AANSOEK WORD INGEWAG VAN GEKWALIFISEERDE PERSONE VIR AANSTELLING IN DIF ONDERGENOEMDE VAKATURES.

ONDERWYSINSPEKTORAAT

INSPEKTEUR VAN ONDERWYS (M of W)

R7 800 x R300 — R8 400 M/R7 200 x R300 — R7 800 W
(Vier vakatures)

1. Aansoeke word ingewag van gekwalifiseerde persone vir aanstelling in die volgende vaktures:
 - (a) Inspekteur van Onderwys verantwoordelik vir 'n kring: (Twee vaktures).
 - (b) Inspekteur van Onderwys verantwoordelik vir 'n vak: (Een vakture):
 - (i) Aardrykskunde.
 - (c) Inspekteur van Onderwys verantwoordelik vir Jeugweerbaarheid: (Een vakture).
- 2.(a) Minimum kwalifikasies
 - (i) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad van 'n universiteit;
 - (ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
 - (iii) tien jaar werklike onderwysonderwinding.

NOTICE 23 OF 1974

THE TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT APPLICATIONS ARE INVITED FROM QUALIFIED PERSONS FOR APPOINTMENT TO THE UNDERMENTIONED VACANCIES.

EDUCATION INSPECTORATE

INSPECTOR OF EDUCATION (M or W)

R7 800 x R300 — R8 400 M/R7 200 x R300 — R7 800 W
(Four vacancies)

1. Applications are invited from qualified persons for appointment to the following vacancies:
 - (a) Inspector of Education responsible for a circuit: (Two vacancies);
 - (b) Inspector of Education responsible for a subject: (One vacancy);
 - (i) Geography.
 - (c) Inspector of Education responsible for Youth Preparedness: (One vacancy).
- 2.(a) Minimum qualifications
 - (i) an approved bachelor's degree of a university;
 - (ii) a recognised professional teaching qualification; and
 - (iii) ten years' actual teaching experience.

(b) Ten opsigte van die pos van Inspekteur van Onderwys vir 'n vak in paragraaf 1(b) vermeld sal nagraadse kwalifikasies en voldoende ervaring in die onderrig van die betrokke vak 'n sterk aanbeveling wees.

(c) Ten opsigte van die pos van Inspekteur van Onderwys vir Jeugweerbaarheid in paragraaf 1(c) vermeld sal toepaslike nagraadse studie of navorsing 'n aanbeveling wees.

3. Die standplase van die gekose applikante sal deur die Direkteur van Onderwys bepaal word. Die gekose applikante sal ook aan verplasing onderhewig wees soos die behoeftes van die diens mag vereis.

4. Die poste ressorteer onder die regstreekse beheer van 'n Hoofinspekteur van Onderwys.

5. Die poste van Inspekteur van Onderwys verantwoordelik vir Aardrykskunde en vir Jeugweerbaarheid is vir permanente vulling met ingang 1 April 1974 en die poste van Inspekteur van Onderwys verantwoordelik vir 'n kring is vir permanente vulling met ingang 1 Mei 1974 en 1 Oktober 1974 onderskeidelik.

6.(a) Niemand word aangestel nie wat versuim om aan die Departement 'n opgaaf op vorm T.O.D. 1 te stuur van sy of haar onderwyservaring en kwalifikasies, gestaaf deur afskrifte van sertifikate en getuigskrifte wat as ware afskrifte van die oorspronklikes deur 'n Kommissaris van Ede gewaarmerk is. Die persoon wat hierdie dokumente waarmerk, moet meld dat hy dit in sy hoedanigheid van Kommissaris van Ede doen.

(b) Hierdie bepaling het nie betrekking op diensdoende onderwysers nie. Indien sodanige onderwysers egter in besit is van sertifikate en/of getuigskrifte wat nog nie by die Departement geregistreer is nie, word hulle versoek om afskrifte daarvan op die voorgeskrewe wyse vir registrasie-doeleindes in te dien.

(c) Registrasievorms (T.O.D. 1) is by skoolraadskantore en by die Transvaalse Onderwysdepartement, Privaatsak X76, Pretoria, verkrygbaar.

7.(a) Applikasies moet in tweevoud ingedien word op vorms T.O.D. 487 (verkrybaar by skoolraadskantore, skole, onderwyskolleges en die Departement), en moet die Direkteur van Onderwys, Transvaalse Onderwysdepartement, Privaatsak X76, Pretoria, bereik, nie later nie as 4-uur nm. op 13 Februarie 1974. Applikasies wat nie dienooreenkomsdig ingedien en ontvang word nie, sal nie in aanmerking geneem word nie.

(b) Koeverte moet gemerk word "Aansoek".

8. Aanstelling is onderhewig aan die bepalings van die Onderwysordinansie, 1953, soos gewysig en die Aanstellings- en Diensvoorwaarderegulasies vir Inspekteurs van Onderwys en Onderwysers, daarvolgens opgestel.

24034—0933016—0001
24034—0933017—0002
24034—0933020—0003
24034—0933014—0004

(b) In respect of the post of Inspector of Education for a subject mentioned in paragraph 1(b) postgraduate qualifications and adequate experience in the tuition of the subject concerned will be a strong recommendation.

(c) In respect of the post of Inspector of Education for Youth Preparedness mentioned in paragraph 1(c) appropriate postgraduate study or research will be a recommendation.

3. The headquarters of the successful applicants will be determined by the Director of Education. The successful applicants will also be subject to transfer as the exigencies of the service may demand.

4. The posts fall under the direct control of a Chief Inspector of Education.

5. The posts of Inspector of Education responsible for Geography and for Youth Preparedness are for permanent filling with effect from 1 April 1974 and the posts of Inspector of Education responsible for a circuit are for permanent filling with effect from 1 May 1974 and 1 October 1974 respectively.

6.(a) No candidate will be appointed who has failed to submit to the Department a statement on form T.E.D. 1 of his or her teaching experience and qualifications, supported by copies of certificates and testimonials certified as true copies of the originals by a Commissioner of Oaths.

(b) This provision is not applicable to teachers in service. If such teachers are, however, in possession of certificates and/or testimonials which have not been registered with the Department, they are requested to submit copies thereof for registration purposes in accordance with the prescribed procedure.

(c) Forms of registration (T.E.D. 1) are obtainable from school board offices and from the Transvaal Education Department, Private Bag X76, Pretoria.

7.(a) Applications must be submitted in duplicate on forms T.E.D. 487 (obtainable from school board offices, schools, colleges of education and the Department), and must reach the Director of Education, Transvaal Education Department, Private Bag X76, Pretoria, not later than 4 p.m. on 13 February, 1974. Applications which are not forwarded and received in this way, will not be considered.

(b) Envelopes must be marked "Application".

8. Appointment is subject to the provisions of the Education Ordinance, 1953, as amended, and the regulations prescribing the Conditions of Appointment and Service of Inspectors of Education and Teachers, framed thereunder.

24034—0933016—0001
24034—0933017—0002
24034—0933020—0003
24034—0933014—0004

KENNISGEWING 24 VAN 1974.
RANDBURG-WYSIGINGSKEMA NO. 123.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar mnr. F. Praeg P/a mnre. B. Mouton en Vennote, Posbus 348, Randburg aansoek gedoen het om Randburg-dorpsaanlegskema 1954, te wysig deur die hersonering van Erf No. 11, geleë aan Mariestraat en Erf No. 12, hoek van Mariestraat en Hillstraat dorp Praegville, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per Erf" tot "Spesiale Besigheid" onderhewig aan sekere voorwaardes.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Randburg-wysigingskema No. 123 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Randburg ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, en die Stadsklerk, Privaatsak X1, Randburg, skriftelik voorgelê word.

E. UYS,
 Direkteur van Plaaslike Bestuur,
 Pretoria, 23 Januarie 1974.

PB. 4-9-2-132-123
 23-30

NOTICE 24 OF 1974.
RANDBURG AMENDMENT SCHEME NO. 123.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Mr. F. Praeg, C/o Messrs. B. Mouton and Partners, P.O. Box 348, Randburg for the amendment of Randburg Town-planning Scheme, 1954, by rezoning Erf No. 11 situate on Marie Street and Erf No. 12 corner of Marie Street and Hill Street, Praegville Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per Erf" to "Special Business" subject to certain conditions.

The amendment will be known as Randburg Amendment Scheme No. 123. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Randburg and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, Private Bag X1, Randburg, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,
 Director of Local Government,
 Pretoria, 23 January, 1974.

PB. 4-9-2-132-123
 23-30

KENNISGEWING 25 VAN 1974.

RANDBURG-WYSIGINGSKEMA NO. 143.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaars mnr. Le-pas Investments (Pty.) Limited, Posbus 124, Randburg aansoek gedoen het om Randburg-dorpsaanlegskema, 1954, te wysig deur die hersonering van Erf No. 855, geleë aan Republicweg dorp Ferndale van "Spesiale Besigheid" (Hoogtestreek No. 1 "A") tot "Spesiale Besigheid" vir die wegslating van die pad reserverings op die noordelike en suidelike grense van die perseel.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Randburg-wysigingskema No. 143 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Randburg ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, en die Stadsklerk, Privaatsak X1, Randburg, skriftelik voorgelê word.

E. UYS,
 Direkteur van Plaaslike Bestuur,
 Pretoria, 23 Januarie 1974.

PB. 4-9-2-132-143
 23-30

NOTICE 25 OF 1974.

RANDBURG AMENDMENT SCHEME NO. 143.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Messrs. Le-pas Investments (Pty.) Limited, P.O. Box 124, Randburg, for the amendment of Randburg Town-planning Scheme, 1954, by rezoning Erf No. 855, situate on Republic Road, Ferndale Township, from "Special Business" (in Height Zone No. 1 "A") to "Special Business" for the removal of the road reservations in the northern and southern boundaries of the site.

The amendment will be known as Randburg Amendment Scheme No. 143. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Randburg and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, Private Bag X1, Randburg, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,
 Director of Local Government,
 Pretoria, 23 January, 1974.

PB. 4-9-2-132-143
 23-30

KENNISGEWING 27 VAN 1974.

NYLSTROOM-WYSIGINGSKEMA NO. 1/10.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar mnr. P. G. van Deventer, Posbus 300, Nylstroom, aansoek gedoen het om Nylstroom-dorpsaanlegskema No. 1, 1963, te wysig deur die hersonering van Erf No. 133, geleë aan Hertzogstraat, dorp Nylstroom, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per Erf" tot "Algemene Woon".

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Nylstroom-wysigingskema No. 1/10 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Nylstroom ter insae.

Enige beswaar of vertoe teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, en die Stadsklerk, Privaatsak X1008, Nylstroom skriftelik voorgelê word.

E. UYS,

Direkteur van Plaaslike Bestuur.
Pretoria, 23 Januarie 1974.PB. 4-9-2-65-10
23—30

NOTICE 27 OF 1974.

NYLSTROOM AMENDMENT SCHEME NO. 1/10.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Mr. P. G. van Deventer, P.O. Box 300, Nylstroom, for the amendment of Nylstroom Town-planning Scheme No. 1, 1963 by rezoning Erf No. 133, situate on Hertzog Street, Nylstroom Township from "Special Residential" with a density of "One dwelling per Erf" to "General Residential".

The amendment will be known as Nylstroom Amendment Scheme No. 1/10. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Nylstroom and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, Private Bag X1008, Nylstroom, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,

Director of Local Government.
Pretoria, 23 January, 1974.PB. 4-9-2-65-10
23—30

KENNISGEWING 28 VAN 1974.

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-WYSIGINGSKEMA NO. 588.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienares mev. S. Hultquist P/a Mnre. Swart, Olivier en Prinsen, Posbus 2405, aansoek gedoen het om Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema 1958, te wysig deur die hersonering van Gedeelte A van Erf No. 45, geleë hoek van Mariastraat, en Daisystraat, dorp Sandown van "Spesiale woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 60 000 vk. vt." tot "Spesiaal" (Gebruikstreek No. VI) vir hoë digtheid spesiale woon (dupleks) ontwikkeling onderworpe aan sekere voorwaarde.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Noordelike Johannesburgstreek-wysigingskema No. 588 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Sandton ter insae.

Enige beswaar of vertoe teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, en die Stadsklerk, Posbus 78001, Sandton, skriftelik voorgelê word.

E. UYS,

Direkteur van Plaaslike Bestuur.
Pretoria, 23 Januarie 1974.PB. 4-9-2-116-588
23—30

NOTICE 28 OF 1974.

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME NO. 588.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Mrs. S. Hultquist C/o Messrs. Swart, Olivier and Prinsen, P.O. Box 2405, Pretoria, for the amendment of Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme 1958, by rezoning Portion A of Erf No. 45, situate on corner Maria Street and Daisy Street, Sandton Township from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 60 000 sq. ft." to "Special" (Use Zone No. VI) for high density special residential (duplex) development subject to certain conditions.

The amendment will be known as Northern Johannesburg Region Amendment Scheme No. 588. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Sandton and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 78001, Sandton, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,

Director of Local Government.
Pretoria, 23 January, 1974.PB. 4-9-2-116-588
23—30

KENNISGEWING 33 VAN 1974.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORPE.

Ingevolge artikel 58(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, word hiermee bekend gemaak dat aansoek gedoen is om toestemming om die dorpe gemeld in meegaande Bylae te stig.

Die aansoeke met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer B206A, 2de Vloer, Blok B, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Ingevolge artikel 58(5) van die genoemde Ordonnan-

sie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoeke of wat begerig is om in die sake gehoor te word of vertoe te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die *Provinciale Koerant* deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.
Pretoria, 23 Januarie 1974.

23—30

BYLAE.

| (a) Naam van Dorp en (b) Eienaar(s) | Aantal Erwe | Beskrywing van Grond | Liggings | Verwysings- nommer |
|---|---|--|---|-----------------------|
| (a) Bryanston East Uitbreiding 1. (b) Jozen Properties Bpk. | Algemene Woon : 2 | Restant van Gedeelte 69 van die plaas Witkoppen No. 194-I.Q., distrik Johannesburg. | Wes van en grens aan Gedeelte 70 en suidwes van en grens aan Gedeelte 203 en suidoos van en grens aan die Westelike Verbypad. | PB. 4-2-2-4937 |
| (a) Witbergh Uitbreiding 3. (b) Gottlieb Johannes Niemand. | Spesiale Woon : 59 | Gedeelte 48 van die plaas Witfontein No. 301-J.R., distrik Pretoria. | Noord van en grens aan Gedeeltes 68, 156 en 49 en oos van en grens aan Gedeelte 59 en suid van en grens aan Gedeeltes 71 en 47. Dit alles van die plaas Witfontein No. 301-J.R. | PB. 4-2-2-4927 |
| (a) Kildrummy Uitbreiding 6. (b) New Clare Smelting Works Beperk. | Spesiale Woon : 43 Algemene Woon : 7 | Gedeelte 29 van die plaas Rietfontein No. 2-I.R., distrik Johannesburg. | Suid van en grens aan voorgestelde Kildrummy Uitbreiding 7 en noord van en grens aan voorgestelde Kildrummy Uitbreiding 1 en oos van en grens aan voorgestelde dorp Kildrummy. | PB. 4-2-2-4899 |
| (a) Kildrummy Uitbreiding 7. (b) New Clare Smelting Works Beperk. | Spesiale Woon : 181 Algemene Woon : 2 | Gedeelte 21 van die plaas Rietfontein No. 2-I.R., distrik Johannesburg. | Noord van en grens aan voorgestelde Kildrummy Uitbreiding 6 en wes van en grens aan die Jukskeirivier en oos van en grens aan restant van Gedeelte 170. | PB. 4-2-2-4900 |
| (a) Panorama Uitbreiding 2. (b) P. J. M. Strydom en Munro Ontwikkeling (Edms.) Beperk. | Spesiale Woon : 529 Besigheid : 1 Skool : 1 Garage : 1 Spesiaal : 1 | Gedeeltes 78 - 83, 85 - 87 en 2/A van die plaas Olievenhoutbosch No. 389-J.R., distrik Pretoria. | Suidwes van en grens aan Gedeelte No. 21 van Brakfontein No. 419-J.R. en oos van en grens aan Gedeelte No. 93 van Olievenhoutbosch No. 389-J.R. en noord van en grens aan die voorgestelde dorp Olievenhoutbosch. | PB. 4-2-2-4703 |

NOTICE 33 OF 1974:

PROPOSED ESTABLISHMENT OF TOWNSHIPS.

It is hereby notified in terms of section 58(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made for permission to establish the townships mentioned in the accompanying Annexure.

The application together with the relevant plans, documents and information, is opened for inspection at the office of the Director, Room B206A, 2nd Floor, Block B, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

In terms of section 58(5) of the said Ordinance any

person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate in writing with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*.

All objections must be lodged in duplicate and addressed to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria.

E. UYS,
Director of Local Government.
Pretoria, 23 January, 1974.

23-30

ANNEXURE.

| (a) Name of Township and (b) Owner(s) | Number of Eiven | Description of Land | Situation | Reference Number |
|---|--|---|---|------------------|
| (a) Bryanston East Extension 1. (b) Jozem Properties Ltd. | General Residential : 2 | Remainder of Portion 69 of the farm Witkoppens No. 194-I.Q., district Johannesburg. | West of and abuts Portion No. 70, southwest of and abuts Portion 203 and southeast of and abuts the Western By-pass. | PB. 4-2-2-4937 |
| (a) Witbergh Extension 3. (b) Gottlieb Johannes Niemand. | Special Residential : 59 | Portion 48 of the farm Witfontein No. 301-J.R., district Pretoria. | North of and abuts Portions 68, 156 and 49 and east of and abuts Portion 59 and south of and abuts Portions 71 and 47, all of the farm Witfontein No. 301-J.R. | PB. 4-2-2-4927 |
| (a) Kildrummy Extension 6. (b) New Clare Smelting Works Limited. | Special Residential : 43 General Residential : 7 | Portion 29 of the farm Rietfontein No. 2-I.R., district Johannesburg. | South of and abuts proposed Kildrummy Extension 7 and north of and abuts proposed Kildrummy Extension 1 and east of and abuts proposed Kildrummy Township. | PB. 4-2-2-4899 |
| (a) Kildrummy Extension 7. (b) New Clare Smelting Works Limited. | Special Residential : 181 General Residential : 2 | Portion 21 of the farm Rietfontein No. 2-I.R., district Johannesburg. | North of and abuts proposed Kildrummy Extension 6 and west of and abuts the Juk-skei River and east of and abuts remainder of Portion 170. | PB. 4-2-2-4900 |
| (a) Panorama Extension 2. (b) P. J. M. Strydom and Munro Development (Pty.) Ltd. | Special Residential : 529 Business : 1 School : 1 Garage : 1 Special : 1 | Portions 78 - 83, 85 - 87 and 2/A of the farm Olievenhoutbosch No. 389-J.R., district Pretoria. | South-west of and abuts Portion 21 of Brakfontein No. 419-J.R. and east of and abuts Portion 93 of Olievenhoutbosch No. 389-J.R. and north of and abuts proposed Olievenhoutbosch Township. | PB. 4-2-2-4703 |

| (a) Naam van Dorp en (b) Eienaar(s) | Aantal Erwe | Beskrywing van grond | Ligging | Verwysingsnommer |
|---|---|---|---|------------------|
| (a) Groblerpark Uitbreiding 21. (b) ABD Development Corporation Bpk. | Spesiale Woon : 78 | Gedeeltes 160, 162, 163, 164 en 166 van Princess Landbouhoeves Uitbreiding 3, distrik Roodepoort. | Wes van en grens aan Vermotenweg en noord van en grens aan Gedeelte 168 en oos van Gedeeltes 159 en 161 en gedeeltelik noord, sowel as oos van Gedeelte 165. | PB. 4-2-2-4947 |
| (a) Steiltes Uitbreiding 1. (b) Stadsraad van Nelspruit. | Spesiale Woon : 150 | 'n Gedeelte van Gedeelte 9 (gedeelte van Gedeelte 8) van die plaas Shandon No. 194-J.U., distrik Nelspruit. | Wes van en grens aan Distrikspad No. 585, oos van en grens aan Gedeelte 6 van die plaas The Rest 454-J.T. | PB. 4-2-2-4509 |
| (a) Bedfordview Uitbreiding 227. (b) Ewald Vernon Schultz. | Spesiale Woon : 3 | Gedeelte 1 van Hoeve 237 Goldenhuis Estate Landbouhoeves, distrik Germiston. | Suidwes van en grens aan Lavin pad en Bedfordview Uitbreiding 107, oos van en grens aan die voorgestelde Bedfordview Uitbreiding 172. | PB. 4-2-2-4896 |
| (a) River Club Uitbreiding 5. (b) Florence Mary Walters. | Algemene Woon : 3 | Gedeelte 64 ('n gedeelte van Gedeelte 54) van die plaas Driefontein No. 41-I.R., distrik Johannesburg. | Noordwes van en grens aan Shiel Laan, suidoos van en grens aan River Club Uitbreiding 4, noordoos van en grens aan Gedeelte 51 van die plaas Driefontein No. 41-I.R. | PB. 4-2-2-3812 |
| (a) Brentwood Gardens. (b) Metropole Investments (Pty) Ltd.. | Spesiale Woon : 31 | Restant van Gedeelte 4 (gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas Rietpan No. 66-I.R., distrik Benoni. | Noordwes van en grens aan Benoni Uitbreiding 21, suidoos van en grens aan Gedeelte 8 van die plaas Rietpan 66-I.R. Noordwes van en grens aan Gedeelte 6 van die plaas Rietpan 66-I.R. | PB. 4-2-2-4926 |
| (a) Tzaneen Uitbreiding 17. (b) Boet Lombard Beleggings (Edms.) Bpk. | Algemene Woon : 6 | Gedeelte 117 (voorheen Gedeelte 116) van die plaas Pusela No. 555-L.T., distrik Letaba. | Suid van en grens aan Tzaneen Uitbreiding 4, suidoos van en grens aan Agathastraat, noordoos van en grens aan Tzaneen Uitbreiding 10. | PB. 4-2-2-4682 |
| (a) Gladdespruit. (b) Gladdespruit Eindomme (Edms.) Bpk. | Spesiale Woon : 348 Algemene Woon : 1 Besigheid : 3 Skool : 1 Garage : 1 Parkering : 1 | Gedeelte 14 (gedeelte van Gedeelte 13) van die plaas Stone Henge No. 310-J.T., distrik Nelspruit. | Noordwes van en grens aan die voorgestelde dorp Cherrydene, noord en suid van Kaapschehooppad. | PB. 4-2-2-4922 |

| (a) Name of Township and (b) Owner(s) | Number of Erven | Description of land | Situation | Reference Number |
|---|---|---|---|------------------|
